

**Saterdag 27 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 13:13-41**

**Fokusgedeelte: Handeling 13:17**

### **Die Heilige Gees werk deur die Woord**

**D**ie Heilige Gees werk deur die Woord. God werk op sy manier en nie op die manier wat mense vermaak of interesseer nie. Met reg plaas die ware kerk die klem op Geesvervulde Woordbediening en nie op vermaak van mense nie. As ons effektiewe instrumente van die Heilige Gees wil wees, dan moet ons die Woord bring en laat spreek in die eerste plek in ons eie lewe en in die lewe van ander mense (bv. tydens huisgodsdienste).

Die Heilige Gees oortuig deur die Woord en nie deur vaardige redenasie nie. Die apostel Paulus praat met hierdie mense nie oor die kerk nie. Volgens vers 17 praat hy hier in die sinagoge met die mense oor God. Die Heilige Gees wil deur die Bybel mense by God bring. En dit wil die Heilige Gees doen tot die verheerliking van God.

Paulus het gepreek met die oog op redding, en redding behoort tot die verheerliking van God te lei in die lewens van mense. Die einddoel van die Heilige Gees is nie die mens of die kerk nie. Die mens is daar om God te verheerlik. Die kerk is daar om God te verheerlik. Hoe verheerlik ek en jy Hom? As ons nie weet nie, dan doen ons dit na alle waarskynlikheid nie.

Verder is dit opvallend hoedat die apostel eers by die Ou Testament begin en dan beweeg na wat ons vandag ken as die gebeure van die Nuwe Testament. Die Heilige Gees het beide geïnspireer en wil albei gebruik om geloof te bewerk en te laat groei. En beide die Ou en die Nuwe Testament is gerig op Christus en is daarom vir ons die evangelie (die goeie boodskap). Ons moet werklik probeer om nie een Testament bo die ander te verhef nie (gelyke aandag aan beide Testamente met bv. huisgodsdienste). Die Heilige Gees wil albei in ons lewe en deur ons ook in die lewe van ander mense gebruik.

*Sing: Psalm 18-1:14*

*Ds. TJ van Vuuren (Tommie) (Heilbron)*